

17 Februarie 2014

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 2:12-17
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 2:14

Dankbaarheid – om aan God se triomftog deel te hê!

Hoe anders is die beeld wat Paulus hier beskryf nie van baie van ons se beeld van kerk en Christenskap nie?

In plaas van kla en moedeloos wees. In plaas van dalende lidmaattalle en bekommernis oor die voortbestaan van die Christendom en van gemeentes. In plaas van worstelend met jou eie stryd besig wees – die oorwinningtog van ons Here Jesus Christus.

Die beeld is dié van 'n koning wat 'n oorwinning oor sy vyand behaal het. Al singende en juigende ry die generaal op sy perd die strate van die stad binne, gevolg deur sy eie soldate wat triomfantlik hulle verlustig in die groot oorwinning wat behaal is. Agter hulle kom die geboeide gevangenes aangesleep. Wierook word gebrand. Die reuk van oorwinning hang in die lug.

Met dié bekende beeld vir die destydse lesers beskryf die Here in sy Woord vir ons die oorwinning wat in Jesus Christus vir ons behaal is. Met Jesus se dood en opstanding is die duiwel en sy trawante reeds uit die hemel gewerp. Die mag van die sonde en die dood is reeds aan die kruis oorwin. Jesus het die bose magte ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer (Kol. 2:15).

Die triomftog deur voort tot met die wederkoms van die Here. Die oorwinningsboodskap word geproklameer. Van stad tot stad. Van land tot land. Van nasie tot nasie. Aan Hom is alle mag in die hemel en op die aarde gegee.

Dank die Here dat jy kan deel wees van die triomftog. In Jesus Christus is ons meer as oorwinnaars. Mag die beeld van oorwinning al hoe meer waar word in ons lewe en in die lewe van ons kerke.

Sing: Psalm 96:1, 2 (1936)

Ds HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom-Die Bult)